

Een

Dis maar halveses op die grou, grys, Europese middag, maar Larissa draai 'n serp om haar nek en klim in die bed met 'n beker warm sjokolade en haar rekenaar. Dis die eerste week in Desember, dis koud en al sedert halfvyf donker soos dit dié tyd van die jaar in Maastricht is.

Dié hoofstuk van haar tesis wil sy klaarmaak voor sy vanaand gaan slaap.

Haar oog val op haar Bybel wat op haar bedkassie lê. Sy tel dit op en sit dit bo-op haar rekenaar neer. Deesdae is dit vir haar moeilik om hierdie boek oop te maak. Vir so lank was die woorde hierin haar kompas, haar anker, haar vaste hoop dat dinge tog uiteindelik ten goede uitwerk solank 'n mens net aan die Here vashou.

En toe, einde verlede jaar, net voor die hof se reses, word die klag uitgegooi teen Ricardo Jantjies, die man wat Chandré

Hendricks aangeval en beroof het omdat die polisie te lank gesloer het met die ondersoek en die saak onnodig vertraag het. Dit klink belaglik, dit is belaglik, maar dis presies wat gebeur het.

Vroeg in Januarie vanjaar is die pragtige sestienjarige meisiekind dood. Met 'n mes gesteek. Daar is nie bewyse nie, maar Larissa is oortuig daarvan dieselfde man wat weke vantevore vrygespreek is, is die skuldige. Chandré het haar 'n dag tevore laat weet Ricardo is skielik oral waar sy is, sy dink hy agtervolg

haar. Sy sou juis daardie dag vir Wilmie, haar prokureur, gaan sien het om 'n beskermingsbevel teen die vent te kry.

Maar dit was reeds te laat.

Wilmie, 'n vriendin van Larissa, was Chandré se prokureur en sy het Larissa aanvanklik net gevra om met Chandré oor die hofprosedures te gesels. Chandré se storie het haar diep geraak, dit was die soveelste keer dat 'n jong meisie aangeval is, 'n lewe kortgeknip is, 'n familie in rou gedompel is.

Ja, die dood van die mooie kind was een van baie, maar dit was die een wat haar laat twyfel in alles waarin sy glo.

Na Ricardo vrygespreek is, het Larissa haar telefoonnommer vir Chandré se ma gegee en gevra hulle moet haar op hoogte hou van die saak, wat hulle ook gedoen het.

En toe kom die verskriklike boodskap – Chandré is dood.

Sy is saam met Wilmie en Chandré se ma, Yvette, om haar kind uit te ken. Die hoë wanhoopskreet uit die vrou se keel is 'n geluid wat sy nooit kan vergeet nie.

Kort daarna is sy weg uit Suid-Afrika en sover sy weet, is niemand nog in hegtenis geneem nie.

Daardie middag het sy huis toe gery met die seker wete sy moet weggom, sy moet afstand kry tussen haar en die onverstaanbare. Dis nie asof sy Chandré en haar ma eens goed geken het nie, die gebeurtenis was net die laaste strooi na 'n rits soortgelyke sake. 'n Paar stukkies van die legkaart het onverwags in plek geval wat haar besluit om 'n ruk weg te gaan, makliker gemaak het. 'n Erfporsie van die oupa aan haar ma se kant is na 'n lang

uitgerekte proses uiteindelik uitbetaal, die huurkontrak vir die huisie waarin sy gebly het, het tot 'n einde gekom wat dit maklik gemaak het om die huis van haar beste vriendin, Reina, in Rondebosch te koop.